

## **Donderdag 27 Oktober**

**Skrifgedeelte: Esra 6:19-22 (1983-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Esra 6:22**

### **'n Feesdag vir almal (veral ons kinders)**

'n Kleuter het eendag sy ouers sien nagmaal gebruik. Hy vra later of hy ook soos hulle kan gaan “koffie drink”.

Wat 'n wonderlike geleentheid is so-iets nie om die betekenis van die sakrament te probeer verduidelik aan 'n jong gemoedjie nie, al is die begrip nog onvolmaak.

Israel moes ook hierdie visuele opvoedingsmetode toepas. Toe die pasga ingestel is, het God beveel die hele gesin moet daaraan deel hê (Eks. 12 en 13). Wat hulle eet, was anders as alledaagse kos. Die ongesuurde brood was minder smaaklik, met daarby bitter kruie. Nie geliefkoosde kinderkos nie! Kindervrae oor die maaltyd was seker onvermydelik. Ouers moes dan vertel hoe die Here hulle verlos het uit die bitter land, Egipte. Ongesuurde brood was 'n simbool van hulle belofte en begeerte om met sonde en onreinheid te breek.

Esra beskryf die vier van hierdie allerbelangrike fees eeue later. Die tempel is herbou, en die volk vier weer vreugdevol fees. Agter hulle lê tragiese tye. In Kanaän het Israel meer feesgevier oor afgode as dat God gedien is. Enkele konings het soms die tempeldiens en pasga probeer herstel. Die uiteindelijke goddeloosheid van die volk het egter tot ballingskap in Babel gelei. Persiese konings het later die herbou van die tempel toegelaat. Ons kan dus Israel se vreugdevolle vier van Paasfees begryp. Met blye harte eet hulle ongesuurde brode en bitter kruie. Paasfees is bedoel vir almal wat hulle met die verlossingswerk van die Here wil assosieer. Destyds kon selfs besnede slawe en vreemdelinge in die simboliese viering van God se genade deel.

Wat 'n kragtige opvoedingsmetode! 'n Fees van herinnering, ootmoed en toewyding wat opreg gevier word. Wat sien jou kinders, jou buurman, of die vreemdeling in ons land as jy die Here dien? Sien hulle ook jou uitbundige vreugde omdat jy deur ons Paaslam, Christus, uit die ballingskap van sonde verlos is?

*Sing: Skrifberyming 5-3:4, 5*

*Ds. KA (Anton) Jansen van Rensburg (Emeritus)*